Republiek van Suid-Afrika ◆ Republic of South Africa

Staatskoerant
Government Gazette

(As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer) (Registered at the Post Office as a Newspaper)

VOL. III.] PRYS 5c. PRETORIA, 5 JANUARIE 5 JANUARY 1962. PRICE 5c. [No. 146.

INHOUD AGTERIN.

CONTENTS ON BACK PAGES.

PARLEMENT VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA.

VOLKSRAAD.

Ooreenkomstig artikel *honderd ses-en-sewentig* van die Wet tot Konsolidasie van die Kieswette, 1946, verklaar ek hiermee dat daar weens die dood van dr. Douglas Laing Smit op 19 Desember 1961 'n vakature ontstaan het in die verteenwoordiging in die Volksraad van die Kiesafdeling Oos-Londen-Stad.

H. J. KLOPPER,
Speaker.

Speakerskantoor,
Volksraad,
Kaapstad, 23 Desember 1961.

PARLIAMENT OF THE REPUBLIC OF SOUTH AFRICA.

HOUSE OF ASSEMBLY.

Pursuant to section *one hundred and seventy-six* of the Electoral Consolidation Act, 1946, I hereby declare that on account of the death of Dr. Douglas Laing Smit on the 19th December, 1961, a vacancy has occurred in the representation in the House of Assembly of the Electoral Division of East London City.

H. J. KLOPPER,
Speaker.

Speaker's Chambers,
House of Assembly,
Cape Town, 23rd December, 1961.

PROKLAMASIES

VAN DIE STAATSPRESIDENT VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA.

No. 1, 1962.]

VOLKSRAADSTUSSENVERKIESING.—KIESAFDELING VASCO.

Aangesien dit tot my kennis gebring is dat daar 'n vakature in die verteenwoordiging van die kiesafdeling Vasco in die Volksraad ontstaan het weens die bedanking van Cornelius Valkenburg de Villiers;

So is dit dat ek, kragtens die gesag en bevoegdheid my verleen by artikels *vyf-en-dertig* en *agt-en-tagtig* van die Wet tot Konsolidasie van die Kieswette, 1946 (Wet No. 46 van 1946), soos gewysig, hierby verklaar—

(1) dat daar 'n vakature in die verteenwoordiging van die kiesafdeling Vasco in die Volksraad bestaan;

(2) dat 'n nominasiehof op Dinsdag, die drie-en-twintigste dag van Januarie 1962, om tien-uur in die voormiddag, in die kantoor van die Verkiesingsbeampte, Kaapstad, sitting sal hou ten einde nominasies te ontvang van kandidate vir verkiesing om gemelde vakature te vul;

(3) dat indien 'n stemming nodig word in genoemde kiesafdeling deurdat meer as een persoon by die sluiting van die sitting van voormelde nominasiehof behoorlik genomineer is, genoemde stemming op Woensdag, die een-en-twintigste dag van Februarie 1962 sal plaasvind, en om sewe-uur in die môre 'n aanvang sal neem en om agt-uur in die aand van daardie dag sal sluit; en

(4) dat die Verkiesingsbeampte, Kaapstad, by die verkiesing in genoemde kiesafdeling om gemelde vakature te vul, die kiesbeampte is en hierby as sodanig benoem word.

PROCLAMATIONS

BY THE STATE PRESIDENT OF THE REPUBLIC OF SOUTH AFRICA.

No. 1, 1962.]

HOUSE OF ASSEMBLY BY-ELECTION.—ELECTORAL DIVISION OF VASCO.

Whereas it has come to my notice that a vacancy has occurred in the representation of the Electoral Division of Vasco in the House of Assembly, by reason of the resignation of Cornelius Valkenburg de Villiers;

Now, therefore, under and by virtue of the powers and authority vested in me by sections *thirty-five* and *eighty-eight* of the Electoral Consolidation Act, 1946 (Act No. 46 of 1946), as amended, I do hereby declare—

(1) that a vacancy exists in the representation of the Electoral Division of Vasco in the House of Assembly;

(2) that a nomination court shall sit on Tuesday, the twenty-third day of January, 1962, at 10 o'clock in the forenoon in the office of the Electoral Officer, Cape Town, to receive nominations of candidates for election to fill the said vacancy;

(3) that if a poll becomes necessary in the electoral division aforesaid for the reason that more than one person shall have been duly nominated at the close of the sitting of the said nomination court, the said poll shall take place on Wednesday, the twenty-first day of February, 1962, and shall commence at 7 o'clock in the morning and shall close at 8 o'clock in the evening of the said day; and

(4) that the Electoral Officer, Cape Town, shall be, and is hereby appointed to be the Returning Officer at the election in the said division to fill the said vacancy.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Brandfort, op hierdie Elfde dag van Desember Eenduisend Negehonderd Een-en-sestig.

C. R. SWART,
Staatspresident.

Op Las van die Staatspresident-in-rade.

J. DE KLERK.

No. 2, 1962.]

VERKIESING VAN 'N SENATOR.

Nademaal 'n vakature ontstaan het in die verteenwoordiging van die Provinsie die Kaap die Goeie Hoop in die Senaat weens die afsterwe van Senator Sy Edele Philip Solomon Hayward.

So is dit dat ek, kragtens die bevoegdheid my verleen by paragraaf 1 (*a*) van regulasie 5 van die regulasies vir die verkiesing van senatore in die Republiek, uitgevaardig by Goewermentskennisgewing No. R. 1341 van 2 September, 1960, hierby verklaar—

(1) dat daar 'n vakature in die verteenwoordiging van die Provinsie die Kaap die Goeie Hoop in die Senaat bestaan;
(2) dat Saterdag die sewe-en-twintigste dag van Januarie 1962 vasgestel is as die dag waarop 'n sitting van die lede van die Volksraad en van die Provinsiale Raad wat vir die Provinsie die Kaap die Goeie Hoop verkies is, vir die verkiesing van 'n senator gehou moet word;
(3) dat voormelde sitting gehou moet word om 10-uur in die voormiddag van voormelde dag; en
(4) dat die Provinsiale Raadsaal, Kaapstad, die plek is waar voormelde sitting gehou moet word.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Brandfort, op hierdie Elfde dag van Desember Eenduisend Negehonderd Een-en-sestig.

C. R. SWART,
Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-rade.

J. DE KLERK.

No. 3, 1962.]

VERKIESING VAN 'N SENATOR.

Nademaal 'n vakature ontstaan het in die verteenwoordiging van die Provinsie Natal in die Senaat weens die verkiesing van Senator Sy Edele Michael Lloyd Mitchell tot lid van die Volksraad vir die kiesafdeling Durban-Noord.

So is dit dat ek, kragtens die bevoegdheid my verleen by paragraaf 1 (*b*) van regulasie 5 van die regulasies vir die verkiesing van senatore in die Republiek, uitgevaardig by Goewermentskennisgewing No. R. 1341 van 2 September 1960, hierby verklaar—

(1) dat daar 'n vakature in die verteenwoordiging van die Provinsie Natal in die Senaat bestaan; en
(2) dat Saterdag, die sewe-en-twintigste dag van Januarie 1962 om 10-uur voormiddag, vasgestel is as die dag en uur voor of waarop nominasies van kandidate ter aanvulling van voormelde vakature, by die kiesbeampte, per adres die Klerk van die Provinsiale Raad, Pietermaritzburg, ingedien moet word.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Brandfort, op hierdie Agt-en-twintigste dag van Desember Eenduisend Negehonderd Een-en-sestig.

C. R. SWART,
Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-rade.

J. DE KLERK.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Brandfort, on this Eleventh day of December, One thousand Nine hundred and Sixty-one.

C. R. SWART,
State President.

By Order of the State President-in-Council.

J. DE KLERK.

No. 2, 1962.]

ELECTION OF A SENATOR.

Whereas a vacancy has occurred in the representation of the Province of the Cape of Good Hope in the Senate by reason of the death of Senator the Honourable Philip Solomon Hayward.

Now, therefore, under and by virtue of the powers vested in me by paragraph 1 (*a*) of regulation 5 of the regulations for the election of senators in the Republic, issued under Government Notice No. R. 1341 of the 2nd September, 1960, I do hereby declare—

(1) that a vacancy exists in the representation of the Province of the Cape of Good Hope in the Senate;
(2) that Saturday the twenty-seventh day of January, 1962, shall be the day on which a sitting of the members of the House of Assembly and of the Provincial Council elected for the Province of the Cape of Good Hope shall be held for the purpose of the election of a senator;
(3) that the aforesaid sitting shall be held at 10 o'clock in the forenoon of the aforesaid day; and
(4) that the Chamber of the Provincial Council, Cape Town, shall be the place at which the aforesaid sitting shall be held.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Brandfort on this Eleventh day of December, One thousand Nine hundred and Sixty-one.

C. R. SWART,
State President.

By Order of the State President-in-Council.

J. DE KLERK.

No. 3, 1962.]

ELECTION OF A SENATOR.

Whereas a vacancy has occurred in the representation of the Province of Natal in the Senate by reason of the election of Senator the Honourable Michael Lloyd Mitchell as the member of the House of Assembly for the electoral division Durban-North.

Now, therefore, under and by virtue of the powers vested in me by paragraph 1 (*b*) of regulation 5 of the regulations for the election of senators in the Republic, issued under Government Notice No. R. 1341 of the 2nd September, 1960, I do hereby declare—

(1) that a vacancy exists in the representation of the Province of Natal in the Senate; and
(2) that Saturday, the twenty-seventh day of January, 1962, at 10 o'clock in the forenoon, has been fixed as the day and hour on or before which nominations of candidates to fill the aforesaid vacancy, shall be lodged with the returning officer, care of the Clerk of the Provincial Council, Pietermaritzburg.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Brandfort on this Twenty-eighth day of December, One thousand Nine hundred and Sixty-one.

C. R. SWART,
State President.

By Order of the State President-in-Council.

J. DE KLERK.

No. 4, 1962.]

KOSTERRIVIER-STAATSWATERBEHEERGEBIED, DISTRIK RUSTENBURG.—INSTELLING.

Nademaal dit die voorneme is om 'n staatswaterwerk kragtens subartikel (1) van artikel *ses-en-vyftig* van die Waterwet, 1956 (Wet No. 54 van 1956), te bou, wat bekend sal staan as die Kosterrivier-staatswaterwerk, bestaande uit 'n opgaardam in die Kosterrivier en bybehorende waterwerke, in die distrik Rustenburg, Provinsie Transvaal;

En nademaal die Staatspresident kragtens subartikel (1) van artikel *nege-en-vyftig* van die Waterwet, 1956 (Wet No. 54 van 1956), die gebied wat elke stuk grond of deel daarvan omvat wat waarskynlik deur genoemde staatswaterwerk geraak sal word, kan omskryf;

So is dit dat ek, kragtens die bevoegdheid my verleen by subartikel (1) van artikel *nege-en-vyftig* van genoemde Wet hierby verklaar dat die gebied wat in die Bylae hiervan omskryf word met ingang van die datum van publikasie hiervan 'n Staatswaterbeheergebied is wat as die Kosterrivier-staatswaterbeheergebied bekendstaan.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Brandfort, op hede die Veertiende dag van Desember Eenduisend Negehonderd Een-en-sestig.

C. R. SWART,
Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-rade.

P. M. K. LE ROUX.

BYLAE.

BESKRYWING VAN DIE EIENDOMME WAT DIE KOSTERRIVIER-STAATSWATERBEHEERGEBIED, DISTRIK RUSTENBURG, PROVINSIE TRANSVAAL, UITMAAK.

Die Kosterrivier-staatswaterbeheergebied bestaan uit die volgende oorspronklike plase wat in die distrik Rustenburg, Provinsie Transvaal, geleë is:—

Tweerivier No. 253—J.Q. (voorheen No. 594).
Rietfontein No. 394—J.P. (voorheen No. 299).
Wysfontein No. 427—J.P. (voorheen No. 313).
Waterkloof No. 423—J.P. (voorheen No. 635).
Waterval No. 428—J.P. (voorheen No. 319).
Steenbokfontein No. 426—J.P. (voorheen No. 570).
Groenfontein No. 429—J.P. (voorheen No. 318).

GOEWERMENTSKENNISGEWINGS.

DEPARTEMENT VAN LANDE.

No. 13.] [5 Januarie 1962.

VOORGESTELDE VERHURING AAN WARRIORSRUST (EDMS.), BPK. VAN GEDEELTES VAN DIE STRAND EN DIE SEE TE SHELLEY-STRAND, COUNTY ALFRED, PROVINSIE NATAL, VIR DIE BOU EN INSTANDHOUDING VAN 'N VEILIGE BAAIPLEK, EN 'N BAAIPOEL.

Hierby word ingevolge subartikel (5) van artikel *drie* van die Strandwet, 1935, soos gewysig, bekendgemaak dat die Minister van Lande voornemens is om gedeeltes van die strand en die see te Shelley-strand, Provinsie Natal, tesame groot ongeveer 10,000 vierkante voet en geleë teenoor Lotte Nos. 46 en 47 van die plaas The Wedge No. 7734, County Alfred, Provinsie Natal, aan Warriorsrust (Edms.), Beperk, te verhuur vir die doel van die bou en instandhouding van 'n veilige baaiplek en 'n baaipoel onderskeidelik.

'n Liggingsplan lê ter insae op kantoor van die Streeksverteenwoordiger, Departement van Lande, Pietermaritzburg.

No. 4, 1962.]

KOSTER RIVER GOVERNMENT WATER CONTROL AREA, DISTRICT OF RUSTENBURG.—ESTABLISHMENT.

Whereas it is intended, in terms of sub-section (1) of section *fifty-six* of the Water Act, 1956 (Act No. 54 of 1956), to construct a Government water work to be known as the Koster River Government Water Works, consisting of a storage dam in the Koster River and appurtenant water works in the District of Rustenburg, Transvaal Province;

And whereas the State President may, in terms of sub-section (1) of section *fifty-nine* of the Water Act, 1956 (Act No. 54 of 1956), define the area comprising every piece of land which or portion whereof is likely to be affected by the said Government water works;

Now, therefore, under and by virtue of the powers vested in me by the said sub-section (1) of section *fifty-nine* of the said Act, I do hereby declare that, as from the date of publication hereof, the area as described in the Annexure hereto, shall be a Government Water Control Area and shall be known as the Koster River Government Water Control Area.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Brandfort on this Fourteenth day of December, One thousand Nine hundred and Sixty-one.

C. R. SWART,
State President.

By Order of the State President-in-Council.

P. M. K. LE ROUX.

ANNEXURE.

DESCRIPTION OF THE PROPERTIES COMPRISING THE KOSTER RIVER GOVERNMENT WATER CONTROL AREA, DISTRICT OF RUSTENBURG, TRANSVAAL PROVINCE.

The Koster River Government Water Control Area shall consist of the following original farms situated in the District of Rustenburg, Transvaal Province:—

Tweerivier No. 253—J.Q. (formerly No. 594).
Rietfontein No. 394—J.P. (formerly No. 299).
Wysfontein No. 427—J.P. (formerly No. 313).
Waterkloof No. 423—J.P. (formerly No. 635).
Waterval No. 428—J.P. (formerly No. 319).
Steenbokfontein No. 426—J.P. (formerly No. 570).
Groenfontein No. 429—J.P. (formerly No. 318).

GOVERNMENT NOTICES.

DEPARTMENT OF LANDS.

No. 13.] [5 January 1962.

PROPOSED LEASE TO WARRIORSRUST (PTY.), LTD. OF PORTIONS OF THE SEA-SHORE AND THE SEA AT SHELLEY BEACH, COUNTY OF ALFRED, PROVINCE OF NATAL, FOR THE ERECTION AND MAINTENANCE OF A SAFE BATHING ENCLOSURE AND A BATHING POOL.

Notice is hereby given in terms of sub-section (5) of section *three* of the Sea-shore Act, 1935, as amended, that the Minister of Lands proposes to lease to Warriorsrust (Pty.), Limited, portions of the sea-shore and the sea at Shelley Beach, Province of Natal, together measuring approximately 10,000 square feet situate opposite Lots Nos. 46 and 47 of the farm The Wedge No. 7734, County of Alfred, Province of Natal, for the purpose of erecting and maintaining a safe bathing enclosure and a bathing pool respectively.

A site plan lies for inspection at the office of the Regional Representative, Department of Lands, Pietermaritzburg.

DEPARTEMENT VAN BUITELANDSE SAKE.

No. 14.] [5 Januarie 1962.

Dit het die Staatspresident behaag om op 8 Desember 1961, erkenning te verleen, met ingang van 15 November 1961, aan mnr. Johannes Valdemar Rechendorff as Konsul-generaal van Denemarke in Johannesburg met die Republiek van Suid-Afrika as sy regsgebied, in afwagting van die uitreiking aan hom van die Staatspresident se Erkenningsbesluit. Mnr. Rechendorff is die opvolger van mnr. R. H. Kampp.

No. 15.] [5 Januarie 1962.

Dit het die Staatspresident behaag om op 8 Desember 1961 erkenning te verleen, met ingang van 14 November 1961, aan mnr Francis O. Allen as Konsul van die Verenigde State van Amerika in Durban, vir Durban en die voorgeskrewe distrik daarvan, in afwagting van die uitreiking aan hom van 'n Erkenningsbesluit. Mnr. Allen is die opvolger van mnr. Charles N. Manning.

No. 16.] [5 Januarie 1962.

Dit het die Staatspresident behaag om op 8 Desember 1961, erkenning te verleen, met ingang van 20 November 1961, aan mnr. Ernest Colton as Konsul van die Verenigde State van Amerika in Kaapstad, in afwagting van die uitreiking aan hom van die Staatspresident se Erkenningsbesluit. Mnr. Colton is die opvolger van mnr. R. H. Cunningham.

No. 17.] [5 Januarie 1962.

Dit het die Staatspresident behaag om op 8 Desember 1961 erkenning te verleen, met ingang van 22 November 1961, aan mnr. Charles N. Manning as Konsul-generaal van die Verenigde State van Amerika in Kaapstad, in afwagting van die uitreiking aan hom van die Staatspresident se Erkenningsbesluit. Mnr. Manning is die opvolger van mnr. Samuel D. Boykin.

No. 18.] [5 Januarie 1962.

Dit het die Staatspresident behaag om op 8 Desember 1961 erkenning te verleen, met ingang van 6 September 1961, aan mnr. Jack H. Mower as Konsul van die Verenigde State van Amerika in Kaapstad vir Kaapstad en die voorgeskrewe distrik daarvan in afwagting van die uitreiking aan hom van die Staatspresident se Erkenningsbesluit.

DEPARTEMENT VAN FINANSIES.

No. 19.] [5 Januarie 1962.

Hierby word bekendgemaak dat die oordragboeke van die ondergenoemde Plaaslike Geregistreerde Effekte van 15 Januarie 1962 tot en met 15 Februarie 1962 gesluit sal wees en dat die dividende betaalbaar op 15 Februarie 1962 aan die effektebesitters wat op die datum van sluiting van die oordragboeke geregistreer is, betaal sal word.

Plaaslike Geregistreerde 3—Persenteffekte, 1957/64.

Plaaslike Geregistreerde 3—Persenteffekte, 1957/64. (Oorlogsuitgifte).

Plaaslike Geregistreerde 3—Persenteffekte, 1957/66.

DEPARTMENT OF FOREIGN AFFAIRS.

No. 14.] [5 January 1962.

The State President has been pleased to grant recognition on the 8th December, 1961, with effect from the 15th November, 1961, to Mr. Johannes Valdemar Rechendorff as Consul-General of Denmark in Johannesburg with jurisdiction over the Republic of South Africa, in anticipation of the issuance to him of the State President's Exequatur. Mr. Rechendorff is the successor of Mr. R H. Kampp.

No. 15.] [5 January 1962.

The State President has been pleased to grant recognition on the 8th December, 1961, with effect from the 14th November, 1961, to Mr. Francis O. Allen as Consul of the United States of America in Durban for Durban and its prescribed district, in anticipation of the issuance to him of an Exequatur. Mr. Allen is the successor of Mr. Charles N. Manning.

No. 16.] [5 January 1962.

The State President has been pleased to grant recognition on the 8th December, 1961, with effect from the 20th November, 1961, to Mr. Ernest Colton as Consul of the United States of America in Cape Town, in anticipation of the issuance to him of the State President's Exequatur. Mr. Colton is the successor of Mr. R. H. Cunningham.

No. 17.] [5 January 1962.

The State President has been pleased to grant recognition on the 8th December, 1961, with effect from the 22nd November, 1961, to Mr. Charles N. Manning as Consul-General of the United States of America in Cape Town, in anticipation of the issuance to him of the State President's Exequatur. Mr. Manning is the successor of Mr. Samuel D. Boykin.

No. 18.] [5 January 1962.

The State President has been pleased to grant recognition on the 8th December, 1961, with effect from the 6th September, 1961, to Mr. Jack H. Mower as Consul of the United States of America in Cape Town for Cape Town and its prescribed district, in anticipation of the issuance to him of the State President's Exequatur.

DEPARTMENT OF FINANCE

No. 19.] [5 January 1962.

Notice is herby given that the Transfer Books of the undermentioned Local Registered Stocks will be closed from the 15th January, 1962, to the 15th February, 1962, both days inclusive, and that the dividends due on the 15th February, 1962, will be paid to the stockholders registered at the date of the closing of the Transfer Books:—

3 Per Cent Local Registered Stock, 1957/64.

3 Per Cent Local Registered Stock, 1957/64. War Bond.

3 Per Cent Local Registered Stock, 1957/66.

DEPARTEMENT VAN BINNELANDSE INKOMSTE.

No. 22.] [5 Januarie 1962.

Dit het die Staatspresident behaag om kragtens die bevoegdheid hom verleen by subartikel (1) van artikel *drie-en-negentig* van die Inkomstebelastingwet (Wet No. 31 van 1941), die volgende regulasie uit te vaardig:—

STANDAARDWAARDE VAN CHINCHILLAS.

Regulasie opgestel kragtens die Inkomstebelastingwet, 1941.

Vir die toepassing van paragraaf 13 van die Derde Bylae van die Inkomstebelastingwet, 1941 (Wet No. 31 van 1941), is die standaardwaarde wat op chinchillas van toepassing is, soos volg:—

Indeling.	*Standaard-waarde. Per kop.*
Chinchillas—	
Alle ouderdomme.....	R1

Hierdie regulasie word geag op die eerste dag van Julie 1961, in werking te getree het en is vir die eerste maal van toepassing op aanslae vir die aanslagjaar wat op die dertigste dag van Junie 1962, eindig.

DEPARTEMENT VAN VERVOER.

No. 5.] [5 Januarie 1962.

HANDELSKEEPVAARTWET, 1951 (WET NO. 57 VAN 1951), SOOS GEWYSIG.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat die Minister van Vervoer, kragtens subartikel (3) van artikel *drie* van die Handelskeepvaartwet, 1951 (Wet No. 57 van 1951), soos gewysig, gelas het dat artikels *honderd-en-twee* tot en met artikel *honderd-en-nege*, artikels *honderd-en-dertien* en *honderd-en-twintig* tot en met artikel *honderd vier-en-twintig* en artikels *honderd drie-en-dertig, honderd vier-en-dertig, honderd vyf-en-veertig, honderd agt-en-tagtig en driehonderd drie-en-twintig* nie van toepassing sal wees nie met ingang van die datum van publikasie van hierdie kennisgewing ten aansien van die gesagvoerder, seelui of leerlingoffisiere van die onderstaande vaartuie wat aan die Administrasie van die Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens behoort:—

J. R. More.	Mollymawk.
A. M. Campbell.	Duyker.
F. C. Sturrock.	S. G. Stephens.
T. Eriksen.	R. A. Leigh.
J. D. White.	Blesbok.
Sir William Hoy.	Bontebok.
Danie Hugo.	Rietbok.
F. T. Bates.	Palus.
T. S. McEwen.	Silurus.
T. H. Watermeyer.	Sir Thomas Price.
John Dock.	Algoa.
C. F. Kayser.	Springbok.
F. Schermbrucker.	J. E. Eaglesham.
E. S. Steytler.	Cecil G. White.
John X. Merriman.	S. J. Harrison.
Otto Siedle.	William Weller.
R. B. Waterston.	H. Sawyer.
Rockwell.	Alwyn Vintcent.
Foremost 51.	William Messina.

DEPARTMENT OF INLAND REVENUE.

No. 22.] [5 January 1962.

The State President, under the powers vested in him by sub-section (1) of section *ninety-three* of the Income Tax Act, (Act No. 31 of 1941), has been pleased to make the subjoined regulation:—

STANDARD VALUE OF CHINCHILLAS.

Regulation under the Income Tax Act, 1941.

For the purposes of paragraph 13 of the Third Schedule to the Income Tax Act, 1941 (Act No. 31 of 1941), the standard value applicable to chinchillas shall be as set out hereunder:—

Classification.	*Standard Value. Per Head.*
Chinchillas—	
All ages.....	R1

This regulation shall be deemed to have come into operation on the first day of July, 1961, and first takes effect in respect of assessments for the year of assessment ending on the thirtieth day of June, 1962.

DEPARTMENT OF TRANSPORT.

No. 5.] [5 January 1962.

MERCHANT SHIPPING ACT, 1951 (ACT No. 57 OF 1951), AS AMENDED.

It is hereby notified for general information that the Minister of Transport has, in terms of sub-section (3) of section *three* of the Merchant Shipping Act, 1951 (Act No. 57 of 1951), as amended, directed that sections *one hundred and two* to *one hundred and nine*, inclusive, *one hundred and thirteen, one hundred and twenty* to *one hundred and twenty-four*, inclusive, *one hundred and thirty-three, one hundred and thirty-four, one hundred and forty-five, one hundred and eighty-eight* and *three hundred and twenty-three* shall not apply in respect of the master, seamen or apprentice-officers of any of the undermentioned vessels belonging to the South African Railways and Harbours Administration with effect from the date of publication of this notice:—

J. R. More.	Mollymawk.
A. M. Campbell.	Duyker.
F. C. Sturrock.	S. G. Stephens.
T. Eriksen.	R. A. Leigh.
J. D. White.	Blesbok.
Sir William Hoy.	Bontebok.
Danie Hugo.	Rietbok.
F. T. Bates.	Palus.
T. S. McEwen.	Silurus.
T. H. Watermeyer.	Sir Thomas Price.
John Dock.	Algoa.
C. F. Kayser.	Springbok.
F. Schermbrucker.	J. E. Eaglesham.
E. S. Steytler.	Cecil G. White.
John X. Merriman.	S. J. Harrison.
Otto Siedle.	William Weller.
R. B. Waterson.	H. Sawyer.
Rockwell.	Alwyn Vintcent.
Foremost 51.	William Messina.

DEPARTEMENT VAN ARBEID.

No. 2.] [5 Januarie 1962.

WET OP FABRIEKE, MASJINERIE EN BOUWERK, 1941, SOOS GEWYSIG.—ONAFGEBROKE WERK.

Namens die Minister van Arbeid, verklaar ek, MARAIS VILJOEN, Adjunk-Minister van Arbeid, hierby kragtens die voorbehoudsbepaling van paragraaf (*a*) van subartikel (1) van artikel *negentien* van die Wet op Fabrieke, Masjinerie en Bouwerk, 1941, soos gewysig, dat die bediening van stoomketels vir die droogmaak van timmerhout in oonde en die opwekking van elektrisiteit, soos uitgeoefen deur die firma Boskor Sawmills (Cape), Ltd., Storms River, in die landdrosdistrik Humansdorp, bedrywighede is waarin onafgebroke werk deur middel van drie skofte per dag nodig is.

Die betrokke firma moet die volgende voorwaardes ten opsigte van werknemers wat sodanige skofte werk, nakom:—

(*a*) Indien 48 uur in enige week gewerk word, moet oortydbesoldiging teen minstens een en 'n derde maal die werknemer se gewone loon ten opsigte van die addisionele twee uur betaal word;

(*b*) indien een van die ses dae waarop daar gewerk word, op 'n Sondag val, moet 'n werknemer teen minstens een en 'n half maal sy gewone besoldiging betaal word ten opsigte van alle tyd wat op sodanige Sondag gewerk word; en

(*c*) indien daar van 'n werknemer vereis word of hy toegelaat word om op sy weeklikse vry dag te werk, moet hy ten opsigte van die hele tydperk wat hy op so 'n dag werk, betaal word teen minstens twee maal sy gewone besoldiging, met dien verstande dat hy nie minder betaal mag word nie as twee maal die gewone besoldiging betaalbaar ten opsigte van die tydperk wat hy gewoonlik op 'n weekdag werk.

M. VILJOEN,
Adjunk-minister van Arbeid.

No. 6.] [5 Januarie 1962.

WERKLOOSHEIDVERSEKERINGSWET, 1946.

ALGEMENE ONDERSTANDSRAAD VAN KAAPSTAD SE PENSIOENSKEMA.

Namens die Minister van Arbeid, verklaar ek, MARAIS VILJOEN, Adjunk-minister van Arbeid, hierby kragtens subartikel (5) van artikel *twee* van die Werkloosheidversekeringswet, 1946, dat Goewermentskennisgewing No. 1255 van 6 Junie 1952, met ingang van 1 April 1962 gewysig word deur paragraaf (*a*) te skrap.

Die strekking van hierdie kennisgewing is dat alle persone wat in die woordbepaling van „bydraer" in artikel *twee* van genoemde Wet omvat word en wat lede van die Algemene Onderstandsraad van Kaapstad se Pensioenskema is, vanaf 1 April 1962 as bydraers beskou sal word.

M. VILJOEN,
Adjunk-minister van Arbeid.

No. 7.] [5 Januarie 1962.

WERKLOOSHEIDVERSEKERINGSWET, 1946.

MOUNT COKE-HOSPITAALPENSIOENFONDS.

Namens die Minister van Arbeid, verklaar ek, MARAIS VILJOEN, Adjunk-minister van Arbeid, hierby kragtens subartikel (5) van artikel *twee* van die Werkloosheidversekeringswet, 1946, dat Goewermentskennisgewing No. 1270 van 19 Junie 1953, met ingang van 1 April 1962, gewysig word deur die woorde „Mount Coke-Hospitaalpensioenfonds" te skrap.

DEPARTMENT OF LABOUR.

No. 2.] [5 January 1962.

FACTORIES, MACHINERY AND BUILDING WORK ACT, 1941, AS AMENDED.—CONTINUOUS WORKING.

On behalf of the Minister of Labour, I, MARAIS VILJOEN, Deputy-Minister of Labour, in terms of the proviso to paragraph (*a*) of sub-section (1) of section *nineteen* of the Factories, Machinery and Building Work Act, 1941, as amended, hereby declare the firing of boilers in the kiln drying of timber and the generation of electricity as carried out by Boskor Sawmills (Cape), Limited, Storms River, in the Magisterial District of Humansdorp to be activities in which continuous working by means of three shifts per day is necessary.

The firm concerned shall in respect of employees engaged on such shifts observe the following conditions:—

(*a*) If 48 hours are worked in any week, overtime at a rate of not less than one and one-third times the employees ordinary remuneration shall be paid in respect of the aditional two hours;

(*b*) if one of the six days worked falls on a Sunday, an employee shall be paid at a rate of not less than one and one-half times his ordinary remuneration in respect of the total period worked by him on such Sunday; and

(*c*) if an employee is required or permitted to work on his weekly day off, he shall be paid at a rate of not less than double his ordinary remuneration in respect of the total period worked on such day provided that he shall not be paid less than double his ordinary remuneration payable in respect of the period ordinarily worked by him on a week day.

M. VILJOEN,
Deputy-Minister of Labour.

No. 6.] [5 January 1962.

UNEMPLOYMENT INSURANCE ACT, 1946.

CAPE TOWN GENERAL BOARD OF AID PENSION SCHEME.

On behalf of the Minister of Labour, I, MARAIS VILJOEN, Deputy-Minister of Labour, do hereby, in terms of subsection (5) of section *two* of the Unemployment Insurance Act, 1946, declare that with effect from 1st April, 1962, Government Notice No. 1255 of 6th June, 1952, is amended by the deletion therefrom of paragraph (*a*).

The purport of this notice is that all persons falling within the defintion of "contributor" in section *two* of the said Act who are members of the Cape Town General Board of Aid Pension Scheme will, as from 1st April, 1962, be regarded as contributors.

M. VILJOEN,
Deputy-Minister of Labour.

No. 7.] [5 January 1962.

UNEMPLOYMENT INSURANCE ACT, 1946.

MOUNT COKE HOSPITAL PENSION FUND.

On behalf of the Minister of Labour, I, MARAIS VILJOEN, Deputy-Minister of Labour, do hereby, in terms of subsection (5) of section *two* of the Unemployment Insurance Act, 1946, declare that with effect from the 1st April, 1962, Government Notice No. 1270 of 19th June, 1953, is amended by the deletion therefrom of the words "Mount Coke Hospital Pension Fund".

Die strekking van hierdie kennisgewing is dat lede van die Mount Coke-Hospitaalpensioenfonds wat in die woordbepaling van „ bydraer " in artikel *twee* van genoemde Wet omvat word, vanaf 1 April 1962 as bydraers beskou sal word.

M. VILJOEN,
Adjunk-minister van Arbeid.

DEPARTEMENT VAN BANTOE-ADMINISTRASIE EN -ONTWIKKELING.

No. 3.] [5 Januarie 1962.

OORDRAG VAN BEVOEGDHEDE EN MAGTE DEUR MINISTER VAN BANTOE-ADMINISTRASIE EN -ONTWIKKELING AAN HOOFNATURELLEKOMMISSARISSE KRAGTENS SUBARTIKEL (4) VAN ARTIKEL *VIER-EN-TWINTIG* VAN WET No. 18 VAN 1936.

Kragtens die bevoegdheid my verleen by subartikel (4) van artikel *vier-en-twintig* van die Naturelletrust en -grond Wet, 1936 (Wet No. 18 van 1936), dra ek, MICHIEL DANIËL CHRISTIAAN DE WET NEL, Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling, hierby die magte en bevoegdhede wat by subartikel (3) van genoemde artikel *vier-en-twintig* aan my verleen is ten aansien van die uitreiking of hernuwing van lisensies, behalwe die bevoegdhede en magte om die uitreiking of hernuwing van lisensies te beveel, oor aan die Hoofnaturellekommissarisse genoem in die Bylaes van Goewermentskennisgewings Nos. 304 van 1958 en 681 van 1961, ten opsigte van hulle onderskeie regsgebiede. D. 46/11.

No. 20.] [5 Januarie 1962.

STADSRAAD VAN LICHTENBURG.—INRIGTING VAN TEHUIS VIR BANTOEMANS.

Die Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling het kragtens paragraaf (*c*) van subartikel (1) van artikel *twee* van die Naturelle (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945 (Wet No. 25 van 1945), soos gewysig sy goedkeuring daaraan geheg dat die Stadsraad van Lichtenburg binne die lokasie en Bantoedorp wat in Goewermentskennisgewing No. 1940 van 30 September 1955 genoem word, 'n sekere stuk grond (synde terrein No. 213) 7·56 morg groot, soos aangetoon op planne wat in die kantore van die Sekretaris van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling, Pretoria, en die Stadsklerk van die Stadsraad van Lichtenburg bewaar word, bepaal, afsonder en aanlê om daarop een of meer geboue of groepe geboue in te rig vir die huisvesting van Bantoemans wat nie 'n familielewe lei nie.

Lêer No. A.19/1381/1.

No. 21.] [5 Januarie 1962.

MUNISIPALITEIT VAN KOSTER.

STIGTING VAN LOKASIE EN NATURELLEDORP.

Die Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling het kragtens paragrawe (*a*) en (*b*) van subartikel (1) van artikel *twee* van die Naturelle (Stadsgebiede) konsolidasiewet, 1945 (Wet No. 25 van 1945), sy goedkeuring daaraan geheg dat die Munisipaliteit van Koster 'n sekere stuk grond, 164·5328 morg groot, synde die plaas Bantoeville No. 458, geleë binne die gebied onder die beheer van genoemde stedelike plaaslike bestuur en soos aangetoon op 'n kaart wat deur die Landmeter-generaal onder No. A.2448/59 goedgekeur is as 'n lokasie en Naturelledorp bepaal, afsonder en aanlê.

Verwysingsno. A19/1353.

The purport of this notice is that members of the Mount Coke Hospital Pension Fund who fall within the definition of " contributor " in section *two* of the said Act will, as from 1st April, 1962, be regarded as contributors.

M. VILJOEN,
Deputy-Minister of Labour.

DEPARTMENT OF BANTU ADMINISTRATION AND DEVELOPMENT.

No. 3.] [5 January 1962.

DELEGATION OF FUNCTIONS BY THE MINISTER OF BANTU ADMINISTRATION AND DEVELOPMENT TO CHIEF NATIVE COMMISSIONERS, IN TERMS OF SUB-SECTION (4) OF SECTION *TWENTY-FOUR* OF ACT No. 18 OF 1936.

Under and by virtue of the powers vested in me by sub-section (4) of section *twenty-four* of the Native Trust and Land Act, 1936 (Act No. 18 of 1936), I, MICHIEL DANIËL CHRISTIAAN DE WET NEL, Minister of Bantu Administration and Development, hereby delegate the functions conferred upon me by sub-section (3) of the said section *twenty-four* in respect of the issue or renewal of licences, except the function to direct the issue or renewal of licences, to the Chief Native Commissioners mentioned in the Schedules to Government Notices Nos. 304 of 1958 and 681 of 1961, in respect of their respective areas of jurisdiction. D. 46/11.

No. 20.] [5 January 1962.

TOWN COUNCIL OF LICHTENBURG.—PROVISION OF HOSTEL FOR BANTU MEN.

The Minister of Bantu Administration and Development has approved in terms of paragraph (*c*) of sub-section (1) of section *two* of the Natives (Urban Areas) Consolidation Act, 1945 (Act No. 25 of 1945), as amended, the defining, setting apart and laying out by the Town Council of Lichtenburg within the location and Bantu village referred to in Government Notice No. 1940 dated the 30th September, 1955, of a certain area of land (being site No. 213) 7·56 morgen in extent, as indicated on plans filed in the offices of the Secretary of Bantu Administration and Development, Pretoria, and the Town Clerk of the Town Council of Lichtenburg on which to provide one or more buildings or groups of buildings for the accommodation of Bantu men not living under conditions of family life.

File No. A.19/1381/1.

No. 21.] [5 January 1962.

MUNICIPALITY OF KOSTER.

ESTABLISHMENT OF LOCATION AND NATIVE VILLAGE.

The Minister of Bantu Administration and Development has, in terms of paragraphs (*a*) and (*b*) of subsection (1) of section *two* of the Natives (Urban Areas) Consolidation Act, 1945 (Act No. 25 of 1945), approved the defining, setting apart and laying out by the Municipality of Koster, as a location and Native village, of a certain area of land, 164·5328 morgen in extent, being the farm Bantoeville No. 458, situate within the area under the jurisdiction of the said urban local authority and as shown on a diagram approved by the Surveyor-General under No. A.2448/59.

Reference No. A19/1353.

DEPARTEMENT VAN MYNWESE.

No. 10.] [5 Januarie 1962.

WYSIGING VAN GOEWERMENTSKENNISGEWING No. 535 VAN 25 AUGUSTUS 1961.

Paragraaf 21 van Goewermentskennisgewing No. 535 van 25 Augustus 1961 word hierby gewysig deur die skrapping van die woorde „ en op Ridgeview ".

M.M. 60/225 Sub. 1.

DEPARTEMENT VAN POS-EN-TELEGRAAFWESE.

No. 1.] [5 Januarie 1962.

Goewermentskennisgewing No. 1202 van 15 Desember 1961, is gewysig om soos volg te lui:—

Dit het die Staatspresident behaag om, kragtens die bepalings van artikel *drie* van Wet No. 44 van 1958, die volgende postarief vir kleinpakkies na die buiteland met ingang van 1 Januarie 1962 goed te keur:—

2c per 2 onse, met 'n minimum van 10c per pakkie.

DEPARTEMENT VAN GESONDHEID

No. 8.] [5 Januarie 1962.

DIE SUID-AFRIKAANSE APTEKERSKOMMISSIE.—REËLS EN MINIMUM LEERPLAN VIR DIE KOMMISSIE SE DIPLOMA IN FARMASIE.

Die Minister van Gesondheid het in die uitoefening van die bevoegdheid hom verleen by subartikel (4) van artikel *vier-en-negentig* van die Wet op Geneeshere, Tandartse en Aptekers, 1928 (Wet No. 13 van 1928), sy goedkeuring geheg aan die wysiging van die reëls wat deur die Suid-Afrikaanse Aptekerskommissie kragtens subartikel (2) van genoemde artikel van die Wet opgestel is en wat by Goewermentskennisgewing No. 1253 van 14 Augustus 1959 afgekondig is, soos gewysig by Goewermentskennisgewing No. 1772 van 4 November 1960, soos volg:—

Reël 1.

1. Deur die woord „ slegs " in die voorbehoudsbepaling te skrap.

2. Deur die woorde „ of vakke " tussen die woorde „ vak " en „ kan " in te voeg.

3. Deur die woorde „ in een of twee vakke " tussen die woorde „ of " en „ in " in te voeg.

Reël 2.

Kwalifiserende Eksamen, Deel I.

4. Deur die woorde—

„ Farmakologie.—Teorie, vraestel van 3 uur; en
Fisiologie.—Prakties, skriftelik, vraestel van 2 uur. "

deur die woorde—

„ Farmakologie en Fisiologie.—Teorie, vraestel van 3 uur;
Skriftelik/Prakties, vraestel van 2 uur. " te vervang.

5. Deur die woorde—

„ Skeikunde en Farmaseutiese Skeikunde.—Teorie, vraestel van 3 uur;
Prakties, vraestel van 6 uur. " by te voeg.

Kwalifiserende Eksamen, Deel II.

6. Deur die woorde—

„ Skeikunde.—Teorie, twee vraestelle van 3 uur; en
Farmaseutiese Skeikunde.—Prakties, twee vraestelle van 6 uur. "

DEPARTMENT OF MINES.

No. 10.] [5 January 1962.

AMENDMENT OF GOVERNMENT NOTICE No. 535 OF THE 25TH AUGUST, 1961.

Paragraph 21 of Government Notice No. 535 of the 25th August, 1961, is hereby amended by the deletion of the words " and on Ridgeview ".

M.M. 60/225 Sub. 1.

DEPARTMENT OF POSTS AND TELEGRAPHS.

No. 1.] [5 January 1962.

Government Notice No. 1202 of the 15th December, 1961, has been amended to read as follows:—

The State President has been pleased, under the provisions of section *three* of Act No. 44 of 1958, to approve the following rate of postage for small packets to countries abroad, with effect from the 1st January, 1962:—

2c per 2 ounces, with a minimum of 10c per packet.

DEPARTMENT OF HEALTH

No. 8.] [5 January 1962.

SOUTH AFRICAN PHARMACY BOARD.—RULES AND MINIMUM CURRICULUM FOR THE BOARD'S DIPLOMA IN PHARMACY.

The Minister of Health, in the exercise of the powers conferred on him by sub-section (4) of section *ninety-four* of the Medical, Dental and Pharmacy Act, 1928 (Act No. 13 of 1928), has approved the amendment of the rules made by the South African Pharmacy Board under sub-section (2) of the said section of the Act and published under Government Notice No. 1253 of 14th August, 1959, as amended by Government Notice No. 1772, dated 4th November, 1960, as follows:—

Rule 1.

1. By the deletion of the words " only either " in the proviso.

2. By the insertion between the words " subject " and " at " of the words " or those subjects ".

3. By the insertion between the words " or " and " Part I " of the words " in one or two subjects in ".

Rule 2.

Qualifying Examination, Part I.

4. By the substitution for the words—

" Pharmacology.—Theory, 3-hour paper; and
Physiology.—Written Practical, 2-hour paper."

of the words—

" Pharmacology and Physiology.—Theory, 3-hour paper;
Written/Practical, 2-hour paper."

5. By the addition of the words:—

" Chemistry and Pharmaceutical Chemistry.—Theory, 3-hour paper;
Practical, 6-hour paper."

Qualifying Examination, Part II.

6. By the substitution for the words—

" Chemistry.—Theory, two 3-hour papers; and
Pharmaceutical Chemistry.—Practical, two 6-hour papers."

deur die woorde—

„ Skeikunde en Farmaseutiese Skeikunde.—Teorie, twee vraestelle van 3 uur;

Prakties, twee vraestelle van 6 uur." te vervang.

Reël 7.

7. Deur die woorde—

„ Oktober " en „ eksamengeld van £8. 8s. "

deur die woorde—

„ September " en „ eksamengeld van R16.80 " te vervang.

Reël 9.

8. Deur „ £3. 3s. " deur „ R6.30. " te vervang.

Reël 10.

9. Deur die woorde—

„ Oktober " en „ eksamengeld van £6. 6s. "

deur die woorde—

„ September " en „ eksamengeld van R20.00." te vervang.

10. Deur die woorde—

„ in April " te skrap.

11. Deur na Reël 12 die volgende reël in te voeg: —

„ 12 *bis*. 'n Kandidaat vir die Kwalifiserende Eksamen, Deel I, moet hom vir eksamen in al die vakke aanmeld en moet die volle eksamengeld betaal. Indien hy slegs in een of twee vakke druip, mag hy vir verdere studie in daardie vak of vakke terugverwys word en die gelde vir hereksamen sal R6.50 vir een vak en R8.50 vir twee vakke wees. "

Reël 13.

12. Deur die woorde—

„ Oktober " en „ eksamengeld, nl. £10. "

deur die woorde—

„ September " en „ eksamengeld, nl. R20. " te vervang.

13. Deur die woorde „ een vak van " en „ in April " te skrap.

Reël 15.

14. Deur die woorde „ Deel I of " te skrap.

15. Deur die item „ £6. 6s. " deur die item „ R12.60. " te vervang.

Reël 19.

16. Deur die woorde „ Tegniese Kollege, Pretoria. " by te voeg.

AANHANGSEL A.

INTERMEDIÊRE EKSAMEN.

SKEIKUNDE.

B.—*Praktiese Gedeelte.*

17. Deur paragraaf (*c*) deur die volgende nuwe paragraaf te vervang: —

„ (*c*) Om kennis aan die dag te lê van die beginsels en toepassings van volumetriese ontleding gebasseer op asidimetriese en alkalimetriese, permangametriese jodometriese en argentimetriese metodes. "

KWALIFISERENDE EKSAMEN.

18. Deur die „ Kwalifiserende Eksamen " en „ Prakties " deur die volgende te vervang: —

„ KWALIFISERENDE EKSAMEN.

SKEIKUNDE EN FARMASEUTIESE SKEIKUNDE.

DEEL I.

TEORIE.

1. Van die kandidaat word kennis van die skeikunde van die Intermediêre Kursus verwag en daarbenewens moet hy 'n studie maak van die toepassing van elektroniese strukture van verbindings en kennis dra van resonansies en die waterstofbinding.

of the words—

" Chemistry and Pharmaceutical Chemistry.—Theory, two 3-hour papers;

Practical, two 6-hour papers."

Rule 7.—

7. By the substitution for the words—

" October " and " fee of £8. 8s. "

of the words—

" September " and " fee of R16.80."

Rule 9.

8. By the substitution for " £3. 3s." of " R6.30.".

Rule 10.

9. By the substitution for the words—

" October " and " fee of £6. 6s."

of the words—

" September " and " fee of R20.00.".

10. By the deletion of the words " in April ".

11. By the insertion after rule 12 of the following rule: —

" 12 *bis*. A candidate for Part I of the Qualifying Examination shall present himself for examination in all subjects and shall pay the full examination fee. Should he fail in one or in two subjects only he may be referred for further study in that subject or those subjects and the fees for re-examination shall be R6.50 for one subject and R8.50 for two subjects."

Rule 13.

12. By the substitution for the words—

" October " and " fee of £10 "

of the words—

" September " and " fee of R20 ".

13. By the deletion of the words " one subject of " and " in April ".

Rule 15.

14. By the deletion of the words " Part I or ".

15. By the substitution for the item " £6. 6s." of the item " R12.60 ".

Rule 19.

16. By the addition of the words " Pretoria Technical College ".

APPENDIX A.

INTERMEDIATE EXAMINATION.

CHEMISTRY.

B.—Practical.

17. By the substitution for paragraph (*c*) of the following new paragraph: —

" (*c*) To show a knowledge of the principles and applications of volumetric analysis based on acidimetric and alkalimetric, permangametric, iodometric and argentimetric procedures."

QUALIFYING EXAMINATION.

18. By the substitution for " Qualifying Examination " and " Practical " of the following: —

" QUALIFYING EXAMINATION.

CHEMISTRY AND PHARMACEUTICAL CHEMISTRY.

PART I.

THEORY.

1. The candidate will be required to have a knowledge of the chemistry of the Intermediate Course and, in addition, to make a study of the application of the electronic structures of compounds and to include a knowledge of resonances and the Hydrogen bond.

2. *Fisies.*

(*a*) Eienskappe van vloeistowwe, byvoorbeeld oppervlakspanning.

(*b*) Fasestudies: —

(i) Fasereël en die toepassing daarvan op water.

(ii) Verspreidingswet; verdelingschromatografie; stoomdistillasie.

(iii) Kolloïdes en oppervlakverskynsels: Algemene aard van kolloïdes, kolloïdale stelsels, eienskappe van kolloïdale stelsels. Adsorpsie, adsorpsiechromatografie, oppervlak v l i e s e, soorte vliese, oriëntering van molekules in vliese, emulsies.

(*c*) *Oplossings.*—Distillering van aseostroopmengsels; osmotiese druk en die farmaseutiese toepassings daarvan.

(*d*) *Ione-ewewigte.*—Ionisasiegraad; Ostwald se verdunningswet; waterstofioonkonsentrasie en pH; bepaling van waterstofioonkonsentrasie; ionisasie van water; hidrolise van soute; gewone iooneffek; oplosbaarheidsproduk; bufferoplossings; teorie van indikators en die toepassing daarvan op titrasies van sure en basisse; oksidasie-reduksie potensiale en elektroskeikundige selle.

PRAKTIES.

Die volgende word van die kandidaat verwag: —

(*a*) Om mengsels wat nie meer as vier ione bevat nie stelselmatig te ontleed. Die ione sluit daardie ione genoem in die Intermediêre Praktiese Leerplan, met die volgende byvoegings: —

Kadmium, tin, chroom, kobalt, nikkel, strontium, mangaan, sulfiet, sulfied, tiosulfaat, fluoried, nitriet, fosfaat, arseniet, arsenaat, sianied, boraat, silikaat.

(*b*) Om bewys te lewer van kennis van die beginsels van volumetriese ontleding, en om oplossings van sure en alkalië, kaliumpermanganaat, jodium, natriumtiosulfaat, kaliumjodaat, silwernitraat, ammoniumtiosianaat, te berei, te standaardiseer en te gebruik.

(*c*) Om oefeninge vir die bepaling van oppervlakspanning, viskositeit, brekingsindeks, soortlike draaivermoë, fraksionele distillasie, verdelingskoëffisiënt, molekulêre gewig, reaksiesnelheid, pH, potensiometriese titrasies, kolloïdale oplossings, uit te voer.

SKEIKUNDE EN FARMASEUTIESE SKEIKUNDE.

DEEL II.

TEORIE.

Van die kandidaat word kennis van die skeikunde van die Intermediêre en Deel I Kursusse verwag.

1. *Organies.*

Metodes van suiwering en ontleding; eenvoudige vraagstukke oor die bepalings van konstitusionele formules. Optiese en geometriese isomerie. 'n Algemene kennis van die skeikunde van die volgende, met besondere verwysing na stowwe wat dikwels in die apteekwese gebruik word: Versadigde en onversadigde alifatiese koolwaterstofverbindings; benseen en die eenvoudige homoloë daarvan; halongeenderivate van bostaande; monohidriese en polihidriese alkohole; eters; aldehiede en ketone; karboksielsure en die soute daarvan; asielhaliede; anhidriede; suuramiede; esters van organiese en anorganiese sure, hidroksie- en aminosure; laktone, laktiede; uretaan en ureum; nitriele, sulfoonsure; nitroverbindings; amiene; diasoniumverbindings; fenols (met inbegrip van di- en trihidriese fenols), kinone.

Kennis van die struktuur, nomenklatuur en skeikundige eienskappe van Farmaseutiese belang van die volgende en 'n kennis van dié derivate daarvan wat in die British Pharmacopoeia voorkom: —

Difenieletaan, trifenielmetaan, naftaleen, antraseen, fenantreen, pirimidien, tiasool, pirasool, imidasool, piridien, kinolien, isokinolien, akridien, skeikundige sintese deur middel van die belangrikste reaksies.

2. *Physical.*

(*a*) Properties of liquids, e.g. surface tension.

(*b*) Phase studies: —

(i) Phase rule and its application to water.

(ii) Distribution law; partition chromatography; steam distillation.

(iii) Colloids and surface phenomena: General nature of colloids, colloidal system; properties of colloidal systems. Apsorption, absorption chromatography, surface films, types of films, orientation of molecules in films, emulsions.

(*c*) *Solutions.*—Distillation of azootropic mixtures; osmotic pressure and its pharmaceutical applications.

(*d*) *Ionic Equilibria.*—Degree of ionisation; Ostwald's dilution law; hydrogen ion concentration and pH; determination of hydrogen ion concentration; ionisation of water; hydrolysis of salts; common ion effect; solubility product; buffer solutions; theory of indicators and its application to titrations of acids and bases; oxidation-reduction potentials and electrochemical cells.

PRACTICAL.

The candidate will be required—

(*a*) to analyse systematically mixtures containing not more than four ions. The ions shall include those enumerated in the Intermediate Practical Syllabus with the following additions: —

Cadmium, tin, chromium, cobalt, nickel, strontium, manganese, sulphite, sulphide, thiosulphate, fluoride, nitrite, phosphate, arsenite, arsenate, cyanide, borate, silicate;

(*b*) to show a knowledge of the principles of volumetric analyses, and to prepare, standardise and use solutions of acids and alkalis, potasium permanganate, iodine, sodium thiosulphate, potassium iodate, silver nitrate, ammonium, thiocyanate;

(*c*) to carry out tests on the determination of surface tension, viscosity, refractive index, specific rotation, fractional distillation, partition coefficient, molucular weight, reaction rate, pH, potentiometric titrations, colloidal solutions.

CHEMISTRY AND PHARMACEUTICAL CHEMISTRY.

PART II.

THEORY.

